

9 September

Skrifgedeelte: Matteus 6:9-13

Fokusgedeelte: Matteus 6:13b; Heidelbergse Kategismus Sondag 52:128

Ek vra dit van U, want U is die almagtige Koning aan Wie alle eer toekom!

Die feit dat elkeen van die ses bedes van die Ons Vader-gebed my voluit betrek, maak die slot van die gebed so belangrik: *"Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlijkheid tot in ewigheid."* Die Kategismus sê dit beteken dat ons hiermee vir die Here sê: *"Ons bid dit alles van U omdat U as ons Koning wat mag oor alles het, ons alle goeie dinge wil en kan gee, sodat daardeur nie ons nie maar U heilige Naam ewig geprys sal word."*

'n Verlose mens het die voorreg om God as sy Vader in die hemel aan te roep.

'n Verlose mens bid elke dag: Laat U Naam geheilig word, en daarom heilig hy self ook God se Naam deur Hom met oorgawe te dien.

'n Verlose mens bid elke dag: Laat u koninkryk kom, en daarom laat hy hom deur God se Woord en Gees regeer.

'n Verlose mens bid elke dag: Laat u wil geskied, soos in die hemel, net so ook op die aarde, en daarom gehoorsaam Hy God in alles.

'n Verlose mens bid elke dag: Gee ons vandag ons daaglikse brood, en daarom werk hy ook hard om self in sy eie lewensonderhoud te voorsien.

'n Verlose mens bid elke dag: Vergeef ons ons skulde soos ons ook ons skuldenaars vergewe, en daarom vergewe hy mense wat teen hom oortree.

'n Verlose mens bid elke dag: Laat kom ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose, en daarom veg hy elke dag teen versoekings en bied hy sterk teenstand teen die aanslae van Satan.

'n Verlose mens sluit ook sy gebed af met: Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlijkheid tot in ewigheid, want 'n verlose mens weet: Net God kan my gewillig en bekwaam maak om al hierdie dinge met vreugde te doen!

Sing: Skrifberyming 59 (10-2)

Ds. HPM van Rhyn (Pretoria-Noord)